HOOFSTUK 5

Die God wat my "om die nek val en soen"

In die vorige twee hoofstukke het ons stilgestaan by die goedheid van God. Toe het dit gegaan oor die grootheid en krag daarvan, en nou draai ons na die nabyheid en warmte daarvan. Die opskrif van hierdie hoofstuk is 'n aanhaling van woorde van Jesus oor sy Vader.

Jesus het verskil van die Joodse godsdiens van sy tyd. Dit is die basiese rede waarom hulle Hom laat kruisig het. Die kern van hierdie verskil is Jesus se boodskap oor hoe genadig en warm sy Vader is. Daarsonder kan ons Hom nie verstaan nie.

Die God van die Joodse godsdiens tydens Jesus se lewe was nie soos Jesus se Vader nie. Met hulle grote en regverdige God kon jy nie so tuis raak soos met die Vader wat Jesus verkondig het nie. Dink aan die God-verhaal waarmee hulle geleef het. Toe Israel uit die woestyn kom en vrugbare land begin inneem, het Hy hulle beveel om volke wat in sy pad staan, man, vrou en kind dood te maak. Toe Israel nie na Hom luister nie, laat Hy hulle vyande hulle staat vernietig en die res in ballingskap wegsleep. Ná die ballingskap leef hulle meestal steeds

onder vreemde heersers en glo dat God hulle eers sal bevry as almal van hulle die wet nakom. Met dié God kan jy nie baie tuis raak nie.

Talle Jode was streng gehoorsaam en wetsgetrou, maar Jesus kla dat *hulle harte ver van God af* is (Mark 7:6). Hulle spiritualiteit was een van trots op hulle eie goeie lewe, een van geestelike rykdom (Luk 18:11-12).

Daarteenoor verkondig Jesus 'n spiritualiteit van geestelike armoede. Ek het dit nie, ook nie geestelik nie, en is heeltemal van God afhanklik om my vas te hou en geestelik te voed. *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is* (Matt 5:3). My hart is naby God, want aan Hom hang my lewe. Hy hou daarvan dat ek so aan Hom klou, want Hy het 'n hart vir my, 'n baie warm hart.

Daarom leer Jesus sy volgelinge om God as "Abba" aan te spreek. Dis Aramees vir "pa", die woord wat kinders normaalweg vir hulle pa gebruik het, intiemer as "vader" (Mark 14:36). Joodse gebede het God hoog gemaak met verskeie huldigings. Dit staan in kontras met die kinderlike eenvoud van die Ons Vader-gebed. Dit is 'n gebed wat volgens Lukas bloot uit vyf versoeke bestaan (11:2-4), vir mense wat afhanklik bakhand voor God staan, mense wat weet hoe sag God se hart is.

Die Vader word nie kwaad as jy aanhou neul by Hom nie. Sy hart is so sag dat Hy eintlik daarvan hou (Luk 18:1-9). Jesus se Vader is so verdraagsaam dat Jesus selfs so ver gaan om 'n psalm aan te haal wat die Vader verwyt oor onbetrokkenheid: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* (Mark 15:34).

Met sy eie gedrag wys Jesus hoe die Vader is. Kinders moes destyds nie gehoor of gesien word nie. Tog waag 'n paar ma's dit om te vra dat Jesus hulle kinders aanraak. Die dissipels probeer hulle wegjaag, maar dit maak Jesus *verontwaardig*. Hy doen meer as wat hulle vra: *Hy neem hulle toe in sy arms en seën hulle, terwyl Hy sy hande op hulle lê* (10:13-16).

Hy gaan verder. Toe Hy by 'n deftige maaltyd was, dring 'n straatvrou in *en begin om Jesus se voete met haar trane nat te maak. Sy het sy voete met haar hare afgedroog, dit gesoen, en met die geurige olie ingevryf* (Luk 7:38). Hoe sou jy gevoel het? Jesus laat alles toe. Hoe is die Vader dan?

Jesus se gedrag wys dat Hy in 'n liefdesverhouding met sy Vader lewe. Soos dit gaan met verliefdes, wil Hy telkens tyd alleen met sy Vader deurbring. Kom ons luister na 'n paar voorbeelde. *Vroeg oggend, toe dit nog stikdonker was, het Hy opgestaan en na buite gegaan, en na 'n verlate plek vertrek. Daar het Hy gebid* (Mark 1:35). Na die broodvermeerdering, van laatmiddag tot in die aand, is Jesus *op die berg om te bid.* Hy kom toe eers na sy dissipels om 03:00 in die vroeë oggendure (6:46-48). *Groot skares het om Hom saamgedrom … Hy het Hom egter gereeld teruggetrek na afgeleë plekke om te bid* (Luk 5:15-16). Voor Hy sy dissipels gekies het, het Hy *uitgegaan na die berg om te bid en Hy het die nag deurgebring in gebed met God* (6:12).

As Jesus dit nodig gehad het, hoeveel te meer het ons dit nodig om gereeld tyd opsy te sit vir eensame stilte saam met die Vader? Ons wil mos graag dwarsdeur die dag bewus bly van God se teenwoordigheid en 'n baie goeie platform waarop dit gebou kan word, is gereelde afgebakende tyd met God.

Jesus het die gedrag van die straatvrou by die deftige maaltyd verdedig deur te sê: *Sy het baie liefde betoon* (7:47). God hunker na *baie liefde* uit jou hart vir Hom. Hy het so 'n sterk gevoel vir jou dat Hy daarna verlang dat jy ook sterk tot Hom aangetrokke moet voel. Die eerste ding wat Hy in jou binnewêreld soek, is dat jy Hom moet liefhê *met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag* (Mark 12:30).

Hou vas

- Ons voel dalk ongemaklik as daar gesê word dat God ons "om die nek val en soen", maar Jesus het nie gehuiwer om sulke woorde oor God te gebruik nie. Hy verkondig 'n Pa wie se liefde vir ons baie warmer is as wat sy tydgenote gedink het.
- Jesus spreek God as "Pa" aan, nie "Vader" nie.
- Jesus nooi ons om kinderlik van ons ewige Pa afhanklik te wees.
- Ons ewige Pa vra gloeiende liefde van ons kant.
- Jesus se lewe wys hoe belangrik tye van stil eensaamheid saam met ons ewige Pa is.

Ons leef ons in

Jou pa het 'n sterk besigheid waarin Hy vir jou 'n goeie werk gegee het. Jy is nog ongetroud en verdien baie meer as wat jy nodig het. Jy ontwikkel 'n uitspattige leefstyl met vriende, drank, dwelms, besoeke aan klubs waar ontkleedanseresse optree en dergelike. Later is daar nie meer vir jou genoeg in jou eie omgewing nie en begin jy droom van 'n nog lekkerder lewe in Australië, weg van jou pa se oë. Sonder sy medewete kry jy dit reg om mettertyd vir jou 'n visum soontoe te reël. Jy oortuig jou pa dat dit baie duur is om daar te vestig en vra 'n groot som geld. Hy maak beswaar, maar jy hou aan om druk op hom te sit. Uiteindelik word sy hart sag en gee hy jou wat jy vra.

Só is jy weg. In Sydney vind jy dat dit is soos jy verwag het: Indien jy bereid is om baie geld uit te gee, kry jy vriende. Nie lank nie, of jy is verslaaf aan alkohol, harde dwelmmiddels en

prostitusie. Wanneer jou geld min raak, probeer jy die situasie met dobbel red. En so verloor jy prakties al jou geld. Vir 'n ruk soek jy werk, maar sonder sukses.

Jy raak so moedeloos dat jy die ondenkbare doen: Jy bel jou pa en vra hom om 'n vliegkaartjie vir jou te koop. Hy sê hy het gehoor van jou losbandige lewe, maar is nietemin gewillig.

Jou ouers wag jou in op die lughawe en jy verwag 'n stram verwelkoming en later 'n uitvra-sessie en 'n skrobbering. Jy wil aanbied om vir die minimumsalaris vir jou pa te werk.

Maar wanneer jy met jou tas verskyn, verhelder vreugde jou pa se gesig, val hy jou om die nek en soen jou. Jy wil dadelik skuus sê en jou aanbod doen, maar jy kry nie kans nie, want hy sê: "Ons moet eers direk huis toe gaan. Ons het 'n groot verwelkomingspartytjie vir jou gereël. Ek wil die pos wat jy in my besigheid gehad het vir jou teruggee, as jy dit wil hê."

Vir groepe om oor te gesels of vir persoonlike nadenke

- Hoe sou jy gevoel het as jy so verwelkom is?
- As jy daaraan dink dat God nou so met jou maak, hoe laat dit jou voel?
- Hoe sien jy die hart van Jesus se boodskap?
- Moet jou Godsbeeld aangepas word?
- Kan jy God as "Pa" aanspreek, of wil jy liewer hou by "Vader" en jou gedagtes daaroor aanpas?
- Hoe lyk jou liefde vir die ewige Pa nou vir jou?
- Speel stilte en eensaamheid saam met jou ewige Pa tans 'n rol in jou lewe? Hoe sou jy dit graag wou hê?

Gaan doen

- Kies of jy gaan skets of skryf. (Jou skets kan selfs 'n rowwe een wees van 'n paar lyne in sekondes gemaak.) Gee dan met skets of skryf uitdrukking aan:
  - die Godsbeeld waarmee jy grootgeword het
  - die Godsbeeld wat Jesus vir jou bring.